**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
|---|---|---|---|
| 0 1 3 0 2 | 8 1 0 8 1 4 0 2 6 | 3 2 9 | 1 1 7 6 2 |

**DIE VOLKSBLAD** Jg. 77 Nr. ........ P. 1 Dat. 81 8. 14

# Hou oë oop, vra Le Grange

'n ERNSTIGE waarskuwing aan Suid-Afrikaners om hul oë oop te hou en elke moontlik verdagte persoon of pakkie met agterdog te bejeën, is vandag deur die Minister van Polisie, mnr. Louis le Grange, gerig toe Die Volksblad hom oor gister se vuurpylaanval op Voortrekkerhoogte nader.

Mnr. Le Grange sê hy het al telkens in die verlede alle Suid-Afrikaners ondanks ras, kleur en geslag gevra om hul oë oop te hou vir aanvalle soos dié by Voortrekkerhoogte.

„Mense moet alle verdagte persone en pakkies met agterdog bejeën en dit onmiddellik by die polisie aanmeld. Die polisie sal weet hoe om in die gevalle op te tree."

Kol. Leon Mellet van die Direktoraat Openbare Betrekkinge van die Polisie in Pretoria sê die reuse-soektog na die drie swaar gewapende terroriste wat vir die aanval op Voortrekkerhoogte verantwoordelik was, duur voort.

Padversperrings is oor 'n groot gedeelte van Transvaal en Noord - Transvaal opgerig en alle voertuie word deur swaargewapende polisiemanne in kamoefleerdrag deursoek. Hulle word bygestaan deur die Weermag.

Die polisie soek veral na drie swartes wat vermoedelik met AK-47-gewere en 9 mm Makorof - pistole gewapen is. Benewens die vuurpyllanseerder het die polisie ook beslag gelê op 'n groot aantal leë patroondoppies van dié soort vuurwapens.

'n Jeugdige Indiërseun, S.

• Vervolg op bl. 2, kol. 6.

## Hou oë oop

● Vervolg van bl. 1.

Patel (17), van Laudium is in die regterarm en sy gewond sowat 50 m van die plek waar die lanseerder gestaan het. Een van die vuurpyle het deur die dak van mev. Elsie Sekanka (36) se woonvertrek in die agterplaas van 'n senior Weermagoffisier gedring en sy is lig beseer.

Kol. Mellet sê die polisie vermoed 'n verband tussen die vuurpylaanval en die aanval op die Indiërseun.

In Dar Es Salaam, Tanzanië, het die verbode ANC verantwoordelikheid vir die vuurpylaanval op Voortrekkerhoogte aanvaar.

In 'n verklaring deur die organisasie se hoof - verteenwoordiger in Tanzanië, Reddy Mazimba, sê hy 'n groep van die ANC se militêre vleuel het die Verdedigingshoofkwartier in Pretoria met RPG - 7 - vuurpyle en swaar masjiengewere uit vier rigtings aangeval.

'n Woordvoerder van die Weermag het in Pretoria daarop gewys dat Voortrekkerhoogte — waar die vuurpyle geval het — nie die Verdedigingshoofkwartier is nie.

Die polisie het ook ontken dat RPG - 7 - vuurpyle gebruik is. Die polisie sê 122 mm - vuurpyle, wat heelwat swaarder is as gewoonlik van 'n spesiale lanseerder gevuur word, is in die aanval gebruik.

● Genl. Magnus Malan, Minister van Verdediging, het vandag op Vanderbijlpark gesê Woensdagnag se vuurpylaanval op Voortrekkerhoogte, was 'n aanduiding van waarvoor Suid-Afrikaners hulle moet voorberei.

„Dit is teen sulke pogings wat ons onsself sal moet staal," het genl. Malan gesê op die amptelike opening van die Yskor - Vanderbijlparkse Kommandohoofkwartier by die Yskoraanleg.

**TREFWOORDE**

1. Le Grange, L.
2. Kommentaar
3. Voortrekkerhoogte
4. Stedelike Terrorisme
5. Vuurpyle
6. ANC
7. Aanvalle
8. Gemeenskap
9. Veiligheidsmaatreëls
10.